



Vakature - Voltydse Leraar NG Gemeente Clarens

Die kerkraad van NG Gemeente Clarens wag in afhanklikheid aansoeke in vir hierdie pos:

Gemeenteprofiel: Clarens is 'n klein plattelandse dorp in die Oos-Vrystaat. Die gemeente bestaan uit 210 belydende- en 25 dooplidmate wat in vier dorps- en vier plaaswyke ingedeel is. Clarens-gemeente is 'n aktiewe gemeenskap en die kerk voorsien in baie aspekte in die noodsaaklike behoeftes van die hele Clarens. Lidmate speel ook 'n ankerrol in die gemeenskap wat saamwerk met ander kerke, skole en instansies.

Leraarsprofiel:

- 'n Dinamiese leraar van die NG Kerk, of 'n proponent is welkom om aansoek te doen.
- 'n Hart vir die aktiewe bediening op die platteland met die doel om 'n verskil te maak in ons wyer gemeenskap, gemaklik met huisbesoek en persoonlike kontak met lidmate in verskillende lewenstadiums.
- In staat wees om deur volwasse leierskap, gemeenteleiers te vestig en te versterk en die gemeente daardeur verder op te bou.
- Gebruik kan maak van visuele media en rekenaartegnologie tydens eredienste.

Pligte:

- Nakoming van alle ampspligte, soos omskryf in Artikel 9 van die Kerkorde as riglyn, in samewerking met die ander predikante binne die bedieningsraamwerk van die gemeenskap en die Ring.

Vergoeding en voordele:

- 'n Vergoedingspakket binne die raamwerk van die sinodale skaal word aangebied.
- Die volledige vergoedingspakket, wat 'n ruim pastorie insluit, sal met die suksesvolle kandidaat onderhandel word.

Aansoek: Aansoekers word versoek om 'n volledige CV met persoonlike besonderhede, asook die name en kontakbesonderhede van drie referente, te stuur na clarensngkerk@gmail.com - kandidate mag vir 'n onderhoud en preekbeurt genooi word.

Sluitingsdatum: Donderdag 30 April 2020

Diensaanvaarding: So gou as moontlik - die omstandighede van die suksesvolle aansoeker sal in gedagte gehou word.

Vir enige navrae kontak: Swannie Swanepoel by 082 533 4849

Die kerkraad behou die reg voor om nie 'n aanstelling uit die aansoeke te maak nie.